

## Droom 11



Hi, daar aan al die Dromers - en nou praat ek van 'n uitgebreide klomp Dromers van reg oor die land!

Ek wou die brief al Vrydag uitstuur, maar so drie sinne voordat ek klaar was, gaan die krag toe af! Nou ja, ek is uiteindelik weer waar ek was. Ons is nou al meer as vyftig dorpe wat deelneem met nog sewe wat in September begin saam droom. Ek is nou besig om elke dorp se terugvoering en planne alfabeties te rangskik. Dit verskyn alles in Droom 12. Ek het duidelik nie geweet watter perd ek hier opgesaal het nie! Net so sal julle dit ook nog agterkom: jy raak besig, maar as jy weer sien, dan Droom jy al weer! Hierdie week heg ek twee dorpe se briewe aan en beantwoord een dorp. Hier het julle 'n mooi voorbeeld van hoe die foto's die verskillende dorpe se vordering uitbeeld. **Kyk ook na die toerisme befondsings geleentheid wat ons Droom genader het vir projekte.**

Ek deel graag 'n baie belangrike aspek van ons Bonnievale Droom met julle: Kyk vooruit na die langtermyn uitwerking wat julle Droom op julle dorpe gaan hê.

Ons eerste fokus op Bonnievale was net om die dorp mooi te maak. Daarna kon ons sien dat die Droom gemeenskappe laat saamwerk. En nou gebeur die heel beste moontlike ding wat met elke dorp kan gebeur: Die gemeenskap neem weer deel aan en stel weer belang in die dag-tot-dag aktiwiteite van die dorp. Almal is bewus van wat om hulle aangaan. Hulle stel belang, vra vrae en maak voorstelle.

En daarop klink ek vanaand 'n glasie. Ek hoop dat as die dag aanbreek dat jy ook jou glasie kan klink, jy vir my e-pos sal stuur sodat ek saam met jou kan bly wees, want dit is voorwaar 'n hoogtepunt!

Dankie aan julle almal wat as mede Suid-Afrikaners jul deel doen vir 'n beter toekoms in ons pragtige land. Stuur asseblief daardie foto's. Dit is die beste manier om ander gemeenskappe te motiveer (en om ander te irriteer!) en so meer.

Ek het eers gister die brief gekry en het dit by die Droom aangeheg want die vrae het heel wat raak punte.

### Belangrik!

Al die dorpe wat projekte het wat toerisme en die gemeenskappe kan bevoordeel kan aansoek doen vir die befonding. [BotesEN@tut.ac.za](mailto:BotesEN@tut.ac.za)

Die dokumentasie wat ingevul moet word, is aangeheg, kontak Ewoudt so spoedig moontlik indien julle projekte het wat fondse benodig. Ewoudt volg die Droom projek al lank.

Ewoudt Botes: Lecturer Faculty Management Sciences Tshwane University of Technology Emalahleni (Witbank) Campus

Ek heg die "diep" stukkie aan wat as antwoord dien op Jeffreybaai se vrae. Dit sal interessant wees om van julle Dromers te hoor hoekom julle dink dit werk. So leer ons van mekaar.

Beste Theuns, Deon en Johan, Theuns, ons beskou jou as deel van die "bestuur" van Jeffreybaai Dorp van Drome, vandaar dat ek jou by die e-pos insluit. Hoop nie jy gee om vir die ekstra hoed nie maar ons waardeer altyd jou insette, veral omdat jy al lank die pad loop en omdat ons ook binne die breë raamwerk wil bly met wat julle as voorlopers van die Droom in gedagte het. In sekere

opsigte gee Jeffreysbaai miskien die toon aan of kom teen uitdagings te staan waarvoor daar, sover ek weet, nog nie 'n president of beleid geskep is nie. "Ek moet die Jeffreysbaaiers gelyk gee, hulle het selfs my verwagtinge oorskry. Hulle is ook al gevra om Oudtshoorn hand te gee op sekere fasette" (lees meer daarvan in Droom 13)

Ek wou nie net by (nog) 'n organisasie aansluit wat net in naam bestaan en wat weinig of niks doen nie. Gelukkig is dit nie die geval met *Jeffreysbaai Dorp van Drome* nie en het ek in Deon, Johan en 'n klomp Dromers geesgenote gevind wat 'n verskil wil maak. Die huidige struktuur werk goed met ons drie wat mekaar aanvul en baie Droomleiers wat spontaan na vore kom en hul ding doen. Ons het onderling gedebatteer of ons 'n nuwe mandaat moet vra by ons vergadering Dinsdag maar het daarteen besluit. Ons beskou dat ons 'n mandaat het tot 4 Desember en dat Droom 2013 opnuut 'n "bestuur" en manier van doen moet kies. Ek hou van die informele aard waarin die Droom tans bedryf word. (Theuns: jou opinie)

"Hoekom het ons oor die hele land so 'n geweldige inkoop in die Droom? Alle menslike probleme is net deur die mens se toedoen, en dit kan net weer deur die mens reggestel word. Hoe verder jou fokus van die menslike teiken is, hoe minder die impak. Hiervan het ons nou al 52 voorbeelde! Staan terug en jy sal sien dat dit ons regterbrein denke is wat besig is om te organiseer en te roer. Want jou logika sê die heel tyd dit kan nie werk nie.

Wat het dan geword van ons linkerbrein denke?.....Wat alles in logiese volgorde wil kategoriseer en beplan met statestieke, teikens, sperdatums, gevolgtrekkings, ontledings, strukture, begrotings en vergaderings op vergaderings!

Een analise van 'n persoon wat se geestestoestand versteur is, is dat so persoon dieselfde ding oor en oor sal doen en dan 'n ander resultaat verwag. Is ons samelewing se geestes toestand nie versteur nie? Ons samelewing is ook maar net mens, en val baie keer in die mensgroef wat sê daar is nie 'n alternatiewe uitweg nie. Dit kan net so gedoen word en daar bestaan geen ander oplossing nie. Ek het 'n voorliefde vir geskiedenis van die mens en ek sien keer op keer hoe die mens in die strik val. Seker die beste voorbeeld hiervan was gedurende die Eerste wêreld oorlog toe die top generaals van verskeie lande 60 000 mense se lewens opgeoffer het, vir net meer as 'n myl se modder. Aan beide kante het die gewapendes in die mensgroef beland. Vandag is dit maklik om dit te ontleed as totale waansin, maar onthou oor vyftig jaar is die hede ook die verlede. Ons is geprogameer om nie van rigting te verander nie, net indien ons met 'n gevaar gekonfronteer word, miskien is dit 'n oeroue instink. Ek bestudeer gereeld die Suid Afrikaanse geskiedenis en dit kon net sowel vandag se koerant gewees het!

Wat ons Dromers nou probeer doen is om vroegtydig van rigting te verander voor ons paaië begin brand, want dan was dit al te laat!

Dit is nou met die 'n lang ompad wat ek Ernst se vraag wil beantwoord.

Maak ons as samelewing vandag nie te veel staat op ons linkerbrein nie. Als is vir ons uitgewerk tot in die fynste besonderhede, elke speler, politikus of instansie self jou lewensverwagtinge word vir jou uitgespel. Wat bly daar vir ons oor, het ons nog 'n "gut feel" of ly ons aan die mensgroef sindroom.

Ek moedig jou aan lees Sondag weer die koerant, ek kan geld daarop sit dat ten minste vyftien artikels sal handel oor ons samelewing wat op 'n dwaalspoor is, maar hulle kan nie sê moenie uit daardie loopgraaf opstaan nie, jy sal verseker nie terugkom nie.

Die linkerbrein denke vergeet die belangrikste element, en hy is eintlik in 'n hoek gedruk want hy moet dit doen met die mens. En dit is 'n emosionele wese, wat mooi, liefde, kreatiwiteit, geloof, kuns en die abstrakte in sy arsenaal het. Wat dokter ons Dromers nou? Is dit nie maar net 'n denkende wanbelaans nie?

**Hoekom verstaan ander nie ons sukses nie?** Dit grens aan irretasie jeens diegene se onvermoë om in te sien dat Dromers dit doen met 'n passie, sonder vergoeding.

**Hoekom verstaan ons nie ons eie sukses nie?** Almal is die heeltyd veras as hulle iets vermag het.

**Hoekom funksioneer die Droom sonder om te bestaan, teikens, grondwet, werkers, borge, advertensie, geld en 'n bestuur?** Het nog nie op enige ander instansie afgekom wat soortgelyk funksioneer nie, aan die ander kant ons is ook nie 'n instansie nie!

**Hoe kan die Droom met meer dorpe onder sy vlerk as sekere provinsies dit regkry, om die mense op die voetsoolvlak te bereik?** Dit is nie logies nie, maar elke voetsool het 'n hart en 'n siel.

Selfs jy wat Droom doen dit nie vir geld nie, jy doen dit met passie, en dit is 'n regterbrein funksie, want dit maak nie sin nie.

Dink mooi na en besluit dan self.

Twee kwessies wat egter toenemend na vore kom is:

### **1. Skenkings:**

Ons moedig voornemende skenkers aan om dit direk vir die Dromers wat met 'n projek besig is, te gee of om plante aan te koop. Dit is egter 'n probleem vir ondernemings wat 'n kwitansie soek – wat hulle waarskynlik as 'n uitgawe wil aantoon of wat meer gerusstelling soek as om vir 'n individu geld te gee.

“Jou primêre funksie is om te organiseer, en die skenker direk met die diens in verbinding te bring. Hy kry sy kwitansie en met die wete sy geld is reg aangewend, en die droom vermag die taak met 'n nul persent korrupsie met fondse wat 100% by sy doelwit uitgekome het.”

Ons is uit die aard van die saak geweldig gevoelig vir enige sweem van dat ons enige direkte voordeel uit ons betrokkenheid as Dromers trek.

“100 % die regte gevolgtrekking” dit klink in vandag se lewe amper ondenkbaar dat daar mense is wat nog so dink, hulle noem jy dromers.”

### **2. Regsaanspreeklikheid**

Die ander probleem is wie aanspreeklik gehou kan word as 'n Dromer of sy/ haar handlanger of 'n lid van die Publiek beseer sou word gedurende ons werksaamhede.

“Wat ons gedoen het, was om diegene 'n “ disclaimer” te laat teken, bv. Toe die munisipaliteit die gate op die boere se grond gaan graawe het. Verder het ons net ons huiswerk deeglik gedoen met betrekking tot dienste, en almal betrek met die uitwysing van dienste.

Wat ek eintlik op neerkom is dat dit nie so gevaarlik is om iets te doen nie.”

Ek dink dat 'n mens sal in die toekoms moet dink aan die stigting van 'n NGO of 'n Maatskappy sonder Winsbejag (ek meen, artikel 21 onderneming).

Dit behoort die kwessies wat ek noem, aan te spreek.

Veral waar daar met relatiewe groot bedrae geld gewerk word soos wanneer ons die agteruitgang van die paaie takel en ons ondernemings wil betrek.

“Ja dit kan in die toekoms handig raak maar wat is groot bedrae, die Beaufort Wes water projek het ongeveer 640 skenkers gehad – 156 tenkers – Met 'n netto waarde van meer as een miljoen Rand sonder dat enige transaksie deur Droom behartig is.” As julle dit reg bestuur kom die regte mense by mekaar uit.

Dit sal gaaf wees as julle oor die sake kan dink en insette kan lewer as dit dalk op die vergadering ter sprake kom.

Dankie en lekker slaap

